September - Oktober 2025

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 25, No. 5 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2024 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## Onthou Richard F. Ames

Dit is met groot hartseer dat ons u in kennis stel van die dood van die jarelange Evangelis, Richard Franklin Ames. Baie van u is bekend met mnr. Ames vanweë sy vele *Tomorrow's World*-televisie uitsendings, tydskrif-artikels en boekies.

Mnr. Ames was 'n gedrewe, tipe A persoonlikheid en 'n man wat prestasies bereik het. Hy is in Junie 1936 gebore, hy het grootgeword en openbare skole in New London en Meriden en Connecticut bygewoon. Hy het gedien as medekaptein van sy hoërskool se sokkerspan en was die senior klaspresident. Hy het sy loopbaan in die uitsaaiwese begin deur ná skool as 'n omroeper vir 'n Meriden radiostasie te werk. Na sy gradeplegtigheid het hy voortgegaan om 'n B.C.E. graad van *Rensselaer Polytechnic Institute* in Troy, New York, te verwerf en daarna die Yale Universiteit bygewoon om 'n jaarlange graadkursus in verkeers- en vervoer-ingenieurswese te voltooi. Hy is daarna aangestel as 'n vervoer ingenieur by die Suidoos-Virginia streekbeplanning-kommissie in Norfolk, Virginia.

Ingenieurswese was egter nie sy uiteindelike roeping nie. Soos baie mense, het hy besef dat hy iets in die lewe mis. Dit was op daardie stadium dat hy bekendgestel is aan die werk van mnr. Herbert W. Armstrong. Hy het in 1962 sy werk in Virginia bedank om *Ambassador College* in Pasadena, Kalifornië, by te woon. Daar het hy as studente-leier gedien en in 1964 is hy met Kathryn Lind Meredith getroud. Kathryn was die jonger suster van die ontslape Evangelis Roderick C. Meredith – my voorganger in hierdie werk.

Mnr. Ames is 'n jaar later as 'n leraar van Jesus Christus georden en het gemeentes in sewe state bedien as deel van 'n vinnig groeiende werk. Deur die loop van sy lewe het hy ook teologie, spraak en uitsaaiwese by die *Big Sandy, Texas, Ambassador College*-kampus onderrig en het gedien as direkteur_van toelatings. Hy was ook 'n instrukteur van teologie sowel as 'n registrateur by die Pasadena-kampus.

Hy het 'n bekende gesig gedurende 1986 tot 1994 geword vir baie mense op die televisieprogram *The World Tomorrow*. Hierdie program was op sy hoogtepunt die godsdiensprogram waarna die meeste mense in die Verenigde State gekyk het. As een van die program se vier aanbieders het mnr. Ames gereis om programme op verskeie plekke op te neem in Israel, Egipte, Groot-Brittanje, Duitsland en verskeie plekke regoor die Verenigde State.

Mnr. Ames het die *Worldwide Church of God* verlaat nadat dit die suiwer woorde van die Skrif begin vervang het met heidense leerstellings en Griekse filosofie. Hy het nederig saam met baie ander mense besluit om die hervestigde Werk te ondersteun wat deur sy swaer gelei is en het sy

besluit verduidelik in 'n brief wat hy destyds geskryf het: Ek het gewoonlik met dr. Meredith geargumenteer en vir hom gesê dat die *Worldwide Church of God* nooit sou aanvaar ['n leerstelling wat nêrens in die Skrif gevind word nie] dat daar met die heiligheid van die Sabbat wegdoen sou word nie. Hy was reg en ek was verkeerd.

Kort voor lank het dr. Meredith vir mnr. Ames gevra om weer met televisie-programme te begin, wat hy vervaardig het vanaf 1996 tot 'n paar weke voor sy dood. Mnr Ames is toe die Lewende Kerk van God gestig is, ook aangestel as Direkteur van Mediabedrywighede. Deur sy werk as omroeper, skrywer en spreker het hy miljoene mense in baie lande regoor die wêreld bereik. Hy het deeglik begryp wat God geprofeteer het vir Sy getroue dienaars wat hulle lewens aan Sy Werk wy: "En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos" (Daniël 12:3).

Datums, plekke en prestasies vertel ons egter nie álles van die hierdie toegewyde man nie. Selfs gedurende sy laaste dae, beperk tot 'n hospitaalbed, wou hy weet, *Hoe gaan dit met die Werk? Is die jongste boek al na die drukkers?* Sy denke was gefokus om die Werk van God te doen – net soos die denke van Jesus Christus, toe Hy aan Sy dissipels verkondig het: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring"

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik – Onthou Richard F. Ames**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**
**Die leiers wat ons verdien** 3
*Waarom verkies hedendaagse demokrasieë nie regverdige en Godvresende leiers nie? Wanneer ons die Bybelse implikasies ondersoek met betrekking tot ons keuses, openbaar dit 'n ontnugterende waarheid.*

**O Kanada!**
**Die verdwyning van die gesin** 8
*Is daar 'n plek vir Bybelse gesinne te midde van die hedendaagse ingrypende klemverskuiwing in Kanadese huishoudelike strukture, die afname in geboortesyfers en toenemende ongeërgdheid ten opsigte van die huwelik?*

**Dit is London wat roep**
**Die Aberfan-ramp: 'n Tragiese dag en 'n hoopvolle toekoms** 11
*Die Aberfan hartverskeurende ramp het die lewens van 116 kinders en 28 volwassenes geëis. Vir elke lewe wat verloor is voorsien God se Woord 'n diepgaande hoop vir die toekoms*

**Strottehoof [stemkas, larinks], taal en Logos** 14
*Menslike spraak is baie verskillend van die diere se kommunikasie. Ons fisiese verskil is die grondslag van nog ander verskille wat ons uitsonder van ander skeppings van God.*

**Gevaarlike "Christelikheid"** 15
*Namate vyandigheid teen Bybelse waardes voortdurend toeneem, is dit belangriker as ooit om te weet wat die verskil is tussen ware en valse Christelikheid.*

**Brûe na nêrens** 24
*Lei die wrok wat u koester u op 'n pad na vernietiging?*

**OLIMPIESE GRUWELS** 26
*Wat dink God van sulke "vryhede"?*

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23



**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Wallace G. Smith
**Senior Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
John Robinson

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
PO Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6266
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
PO Box 465
London, ON N6P 1R1
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
PO Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
PO Box 8112,
Kettering, NN16 6YF
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**



© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou


**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Die leiers wat ons verdien

## Deur Jonathan McNair

Konings, koninginne, farao's en diktators het regdeur die grootste deel van die geskiedenis die aarde regeer. Die meeste burgers van die wêreld het geen sê gehad oor die wette van die land of wie dit gemaak en afgedwing het nie. Gemiddelde burgers is op hulle werk belas, opgeroep tot diens en in alle opsigte onderwerp aan die heersers van die land – dit wil sê tot die opkoms van moderne demokrasie. Deesdae kan mense in soveel lande regoor die wêreld hulle eie leiers kies.

Hoe goed kies ons egter? Is ons leiers besig om 'n regverdige, onpartydige en godvresende samelewing te bou? Wat sê ons keuses van leiers oor onsself?

**Israel se keuse**

Die verhaal van koning Saul voorsien ons van 'n interessante les. Ons lees dat Israel swaargekry het onder die leiding van Samuel se seuns. "EN toe Samuel oud was, het hy sy seuns as rigters oor Israel aangestel ... Maar sy seuns het nie in sy weë gewandel nie: hulle het onregverdige wins agterna geloop en omkoopgeskenke aangeneem en die reg verdraai" (1 Samuel 8:1, 3). Hierdie manne het hulle posisie misbruik en die mense uitgebuit. In plaas daarvan om hulle na God te wend vir leiding, het die Israeliete aangedring op 'n menslikgeorienteerde oplossing vir die probleem en vir Samuel gesê: ... "stel nou 'n koning oor ons aan om ons te rig soos by al die nasies" (vers 5).

Samuel het tot God gebid vir die antwoord op hierdie dilemma en God het geantwoord: "Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie" (1 Samuel 8:7). Samuel het vir baie jare gedien as 'n verteenwoordiger van God. Wanneer mense wou weet wat God se wil is, het hulle na Samuel of 'n ander ware profeet gekom. Daardie reëling het die mense egter nie tevrede gestel nie. Hulle wou die gebruik van die nasies rondom hulle volg – hulle wou 'n menslike heerser hê wat hulle sigbaar in die geveg kon lei, hulle hoofregter kon wees en wette kon instel soos hy goed gedink het. Dit was die soort leier wat hulle gedink het die "situasie kon red". Geïnspireer deur God het Samuel hulle gewaarsku wat die gevolge van hulle keuse sou wees en gesê: "En in dié dag sal julle roep vanweë jul koning wat julle vir jul verkies het, en die HERE sal julle in dié dag nie verhoor nie" (vers 18).

Die Israeliete het daarna die leier gekry wat hulle verdien het.

Die verhaal van die verkiesing van Saul het 'n paar interessante kinkels. Saul was alles wat goed *gelyk* het in 'n koning. "EN daar was 'n man van Benjamin met die naam van Kis, ... 'n vermoënde man. En hy het 'n seun gehad met die naam van Saul, 'n jongman en mooi gebou, ja, daar was onder die kinders van Israel geeneen mooier as hy nie: van sy skouers af boontoe was hy hoër as die hele volk" (1 Samuel 9:1-2).

Saul het die regte stamboom gehad – sy vader was 'n magtige leier. Hy was groot en aantreklik, met die uiterlike eienskappe wat ons geneig is om te begeer in diegene wat ons lei. Ja, God het Saul se troonbestyging georkestreer, maar Hy het aan die mense gegee wat Hy geweet het hulle wou hê. God het vir Samuel geïnspireer om tydens Saul se kroning te sê: "Hier is dan nou die koning wat julle uitgekies het, wat julle begeer het, en kyk, die HERE het 'n koning oor julle aangestel" (1 Samuel 12:13).

Wat het dus gebeur toe God vir hulle gegee het wat hulle wou hê?

Namate die verhaal ontvou, leer die Israeliete dat voorkoms bedrieglik kan wees. In plaas daarvan om dapper te wees, was Saul oorweldig van vrees voor die reus Góliat: "Toe Saul en die hele Israel hierdie woorde van die Filistyn hoor, was hulle verskrik en baie bevrees" (1 Samuel 17:11). Dit was nie net die gewone soldate wat bang was vir die reus nie – Saul, hulle koning, die grootste en indrukwekkendste voorbeeld van 'n man in die land, was verskrik. In plaas daarvan om soos 'n kampioen en held op

te tree, was hy heel gewillig om 'n onervare jong man, wat nie eers in die weermag was nie, toe te laat om sy skoene vol te staan – eintlik sy uniform. "En Saul het Dawid sy klere laat aantrek en 'n koperhelm op sy hoof gesit en hom 'n pantser laat aantrek" (1 Samuel 17:38). Ons lees natuurlik dat Dawid die wapenrusting van Saul verwerp het en op God vertrou het om hom te beskerm en te versterk en God het aan hom die oorwinning oor Góliat gegee.

Namate Saul sy ware kleure geopenbaar het, het die burgers van Israel agtergekom dat hulle nuwe monarg meer as net moed kortkom. Hulle het verwag dat hierdie man, wat die voorkoms van 'n koning gehad het, hulle verstandig sou oordeel. Hulle het vir Samuel gesê: "Kyk, u is oud, en u seuns wandel nie in u weë nie; stel nou 'n koning oor ons aan om ons te rig soos by al die nasies" (1 Samuel 8:5). Die koning wat hulle gekry het, het egter sy dwaasheid getoon. Terwyl hulle voorberei het om teen die Filistyne te veg, het Samuel vir Saul gesê om vir hom te wag sodat hy 'n offer aan God kan bring om Sy seën te vra, maar Saul het in sy ongeduld, Samuel se opdrag geïgnoreer en sélf die offer gebring. Samuel was woedend oor sy dwaasheid en het gesê: "Wat het jy gedoen?" Saul se reaksie was soos volg:

> "Ek het gesien dat die manskappe verstrooid raak van my af; en toe u nie kom op die afgesproke tyd nie, terwyl die Filistyne in Migmas bymekaarkom, het ek gesê: Nou sal die Filistyne na my toe aftrek in Gilgal, en ek het die aangesig van die HERE nie om genade gesmeek nie; daarom het ek myself sterk gehou en die brandoffer gebring. Toe sê Samuel vir Saul: Jy het dwaas gehandel, jy het die gebod van die HERE jou God wat Hy jou beveel het, nie gehou nie" (1 Samuel 13:11-13).

Net een hoofstuk later sien ons dat Saul wéér dwaas optree en die weermag opdrag gee om gedurende 'n dag van geveg te vas in 'n dwase poging om sy vasberadenheid te toon om Israel se vyande te oorwin. Ons lees dat "die manne van Israel dié dag aangedryf word, het Saul die manskappe besweer en gesê: Vervloek is die man wat iets eet tot vanaand, sodat ek my op my vyande kan wreek. Daarom het al die manskappe aan niks geproe nie" (1 Samuel 14:24). Die dag het in 'n fiasko ontaard, met Saul se seun Jónathan wat onwetend sy vader se opdrag verbreek het en 'n gedoopte heuningkoek wat hy gevind het geëet het.

Jónatan kon dit nie glo toe hy later verneem het van sy vader se belaglike bevel wat die manne verbied het om te eet, terwyl hulle teen die Filistyne geveg het nie. Die dag het in chaos geëindig: "En die manskappe het op die buit afgestorm, en kleinvee en beeste en kalwers geneem en dit op die grond geslag, en die manskappe het dit met bloed en al geëet" (1 Samuel 14:32). Saul se irrasionele besluite het om elke hoek en draai slegte resultate opgelewer. Die wyse koning wat die Israeliete verwag het, was besig om 'n bedreiging vir sy volk te word.

**Wat hulle verdien het**

In plaas van die kragtigheid wat sy volk verwag het, het Saul lafhartigheid getoon. In plaas van wysheid het hy dwaasheid getoon. In plaas van barmhartigheid en welwillendheid het hy 'n streep van jaloesie en wraaksugtigheid geopenbaar. In wese het die Israeliete die koning gekry wat hulle verdien het. Hulle het op die harde manier geleer dat mense nie die vermoë het om werklik die hart van 'n ander persoon te sien nie en dat ons deur voorkoms beïnvloed kan word.

Ná Saul se dood het God vir Dawid as koning aangestel. Wat voorkoms betref, was David nie die man vir die posisie nie. "Maar die HERE sê vir Samuel: Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want Ek ag hom te gering. Want nie wat die méns sien, *sien God* nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die HERE sien die hart aan" (1 Samuel 16:7). Alhoewel Dawid se eie familie dit nie kon sien nie, het God gesien dat Dawid 'n man na Sy hart was, ten spyte van sy gebreke. Eeue later is hierdie kontras tussen Saul en Dawid in die boek Handelinge bespreek. Ons lees: "En van toe af het hulle 'n koning begeer, en God het aan hulle gegee Saul, die seun van Kis, 'n

man uit die stam van Benjamin, veertig jaar lank. En nadat Hy hom afgesit het, het Hy Dawid vir hulle verhef as koning, van wie Hy ook gesê en getuig het: Ek het Dawid, die seun van Ísai, gevind 'n man na my hart, wat al my welbehae sal doen" (Handelinge 13:21-22).

'n Heerser wat die Israeliete verdien het, wat slegs die *voorkoms* van 'n goeie en godvresende leier gehad het, het totaal misluk – terwyl 'n waarlik goeie en godvresende man – alhoewel hy aan baie van die oppervlakkige eienskappe ontbreek het wat *skynbaar* 'n leier aandui – die grootste menslike koning in Israel se geskiedenis geword. Wat is die les vir ons?

**Wat ons verdien**

Met die opkoms van moderne demokrasie het ons onder die indruk verkeer dat ons die beste leiers vir onsself kan kies. Ons soek mense wat aanneemlik vir ons beeld van wat leiers behoort te wees. Het hulle aanvaarbare persoonlikhede? Kom hulle aantreklik genoeg voor vir mense om hulle te volg? Spreek hulle die kwessies aan wat vir ons persoonlik belangrik is? Sal hulle opkom vir ons waardes?

Burgers van demokratiese lande stem vir kandidate wat skynbaar die beste eienskappe het. Die meeste mense weet egter diep in hulle harte, dat elke keuse 'n hoopvolle kompromie met hulle gewete is. Hulle het stilweg 'n vermoede dat hulle nie *regtig* hulle leiers kan vertrou nie.

Neem 'n onlangse opname onder Amerikaanse burgers wat deur die *Pew Research Center* gedoen is in ag. Die volgende is wat deur die opnames bevind is: "Verlede jaar het 16% van mense gesê dat hulle die regering byna altyd of die meeste van die tyd vertrou, wat een van die laagste peilingmaatreëls in byna sewe dekades van opnames was" (*"Public Trust in Government:* 1958-2024," *Pew Research Center*, 24 Junie 2024). Ons sê elke keer vir onsself: *Hierdie keer sal dit anders wees. Hierdie verkiesing sal anders wees.* Net soos antieke Israel tog geleer het, is dit wat ons in ons toekomstige leiers sien gewoonlik 'n illusie van ons eie wensdenkery.

Waar laat dit ons?

In ons hedendaagse samelewing is die lewe op baie maniere en vir baie mense – veral in die Westerse samelewing – ongetwyfeld 'n verbetering in vergelyking met die lewe van die gemiddelde man of vrou regdeur die grootste gedeelte van die geskiedenis. Terwyl sommige mense daardie verbetering aan die mens se wysheid en bekwaamheid toeskryf, weet Bybelkundiges dat die ware rede vir die voorspoed van die Verenigde State en die nasies van Britse afkoms gevind word in die belofte wat God baie jare gelede aan Abraham gemaak het. Daardie belofte het rykdom en voorspoed ingesluit wat ongeëwenaard is in die menslike geskiedenis. (Indien u meer te wete wil kom, lees ons


# God se Kerk deur die eeue

***God se Kerk het deur die eeue bly bestaan. Dit is 'n "klein kuddetjie" (Lukas 12:32), maar God het altyd aan Sy belofte getrou gebly dat "die poorte van die doderyk ... dit nie [sal] oorweldig nie" (Mattheus 16:18). In hierdie onthullende boekie sal u 'n verkorte weergawe van die fassinerende geskiedenis van die ware Kerk van God vind.***

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

gratis boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?)*. Hierdie nasies het 'n raamwerk van hoofsaaklik Bybelse waardes geërf en ten spyte van voortdurende opstand teen daardie waardes, gaan dit voort om diegene wat daarvolgens lewe te bevoordeel.

In plaas daarvan om ons na die God wat ons geseën het te wend en Hom te smeek om ons nasies en leiers te lei terwyl hulle in Sy weë volg, het ons ongelukkig as 'n volk ons rug op Hom gedraai. Die Skrif verduidelik aan ons God se denke aangaande ons nasies: "Maar my volk het na my stem nie geluister nie, en Israel was vir My nie gewillig nie. Toe het Ek hulle oorgegee aan die verhardheid van hul hart, dat hulle in hul eie planne kon wandel. Ag, as my volk maar na My wou luister, Israel in my weë wou wandel! Gou sou Ek hul vyande onderwerp en my hand teen hul teëstanders uitstrek" (Psalm 81:12-15).

Mense spandeer deesdae geweldig baie tyd om een of ander politieke leier te bevorder en hulle argumenteer oor kandidate se vermoëns om oplossings vir ons lande met probleme te kry. Ons hoor hoe politici verkondig hoeveel goeie dinge hulle vir ons land sal doen – hoeveel beter hulle as hulle opponent is. Ons hoor hoe hulle mekaar kritiseer en bespot, terwyl ons tevergeefs hoop op iets beters en probeer om 'n blinde oog te gooi vir die maniere waarop hulle eenvoudig nie goedheid, waarheid en wysheid weerspieël nie. Ons hoop dat die besluite wat hulle in hulle kantoor neem, op een of ander wyse in ooreenstemming met Goddelike waardes sal wees, selfs al weerspieël hulle karakter dit nie. Ons sien medeburgers wat passievol verdeeld is oor watter kandidaat die beste is, net soos ons sien hoe die verdeeldheid verdiep met betrekking tot waardes, klas, kultuur en sosio-ekonomiese status. Ons dink nogtans in ons naïwiteit dat ons kan bepaal wat die beste vir ons nasie is – watter politieke leier die beste resultate tot gevolg sal hê.

Vra enigiemand egter: "Wat is God se opinie?"

Ons kan lees van wat God dink oor ons dwaasheid: "Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde *en sê:* Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle. Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik" (Psalm 2:2-5).

**Wat ons nodig het**

Die tyd sal binnekort aanbreek wanneer hierdie wêreld 'n heerser sal hê wat nie hulle keuse sal wees nie – Hy sal uiteindelik die oplossings vir die mensdom se probleme bring. Hy sal die Een wees wat antieke Israel se koning na Sy eie hart gekies het. Ons lees:

> "MAAR daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Ísai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE. En Hy het 'n welgevalle aan die vrees van die HERE; en Hy sal nie regspreek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie; maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak. En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees. Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja ... Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek. En in dié dag sal die

nasies vra na die wortel van Ísai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees" (Jesaja 11:1-6, 9-10).

Uiterlike voorkoms kan misleidend wees – dus, as Koning van die konings sal Jesus Christus *nie* oordeel volgens die uiterlike nie, maar volgens die harte. Hy sal lei in opregtheid en waarheid, met liefde, barmhartigheid en goedheid. Sy heerskappy sal die mensdom leer om die vleeslike ingesteldheid wat lei tot die verwerping van Hom tersyde te stel – Hy sal op so 'n wyse regeer dat die mensdom eerder sal kies om Hom te gehoorsaam en hulle aan Hom te onderwerp.

**'n Bekende refrein**

Sedert Adam en Eva se tyd het die mensdom dieselfde storie oor en oor herhaal. Die seëninge wat God voorsien, is as vanselfsprekend aanvaar en ons het hardnekkig ons rug op Hom gekeer. Adam en Eva het omdat hulle van die boom van die kennis van goed en kwaad geneem het, die eerste paartjie gewees wat verklaar dat hulle op hulle "eie kon voortgaan", sonder om God vir Sy leiding te vra. Die mensdom het gevolglik onder ontelbare menslike stelsels gely wat vir ons "beter" lyk as God se wyse.

Sommige van daardie mensgemaakte stelsels word selfs aan ons voorgehou in die naam van iemand se verkeerde idee van "Christelikheid". In die Verenigde State sien ons die opkoms van 'n filosofie wat dikwels "Christelike Nasionalisme" genoem word, wat daarop aanspraak maak dat dit Christelike waardes in politiek en die regering toepas. Ongelukkig, soos u in hierdie uitgawe se artikel "Gevaarlike Christelikheid" sal sien, kom sommige van die gevaarlikste misleidings ook by ons uit met 'n valse etiket van "Christenskap". Wanneer ons egter terugkyk na die voorbeeld van antieke Israel, behoort ons versigtig te wees vir diegene wat vir ons 'n menslike koning – of president of eerste minister – as 'n bevredigende plaasvervanger vir God en Sy volmaakte heerskappy sou bied.

Die voorbeeld van antieke Israel voorsien vandag aan ons, 'n tydige illustrasie soos ons gesien het. Die Israeliete het versoek dat hulle 'n menslike leier in plaas van God wou hê, toe het Hy vir hulle 'n leier gegee wat hulle verdien. Indien ons na die huidige stand van die politieke verkiesingstelsel kyk, kan ons enigsins ontken dat ons hulle rebellie deesdae volg? WvM


# Waar is God se ware Kerk vandag?

**Duisende verskillende kerklike organisasies verkondig dat hulle Jesus Christus navolg. Tog onderrig hulle duisende verskillende "evangelies" en kan oor tallose leerstellings nie ooreenstem nie.**

**Is Jesus Christus die Hoof van al hierdie kerklike organisasies? Is Christus verdeeld? Of is daar 'n ware Kerk van God wat afgesonder is van hierdie godsdienstige Babilon? Hoe kan u God se ware Kerk herken!**

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**

O Kanada!

# Die verdwyning van die gesin

Deur Michael Heykoop

**Die 2016 Kanadese sensus** het die aandag gevestig op die dramatiese veranderings wat op daardie stadium besig was om in Kanadese huishoudings plaas te vind. Vorige sensusverslae het toe alreeds getoon dat die "kerngesin" – een vader, een moeder en twee of meer kinders – besig was om vervang te word deur 'n verskeidenheid van sogenaamde alternatiewe. Die werklike verrassing in die 2016-sensus was die gesinstruktuur wat die *algemeenste* in Kanada voorgekom het:

> "Vir die eerste keer in die land se geskiedenis het die aantal enkelpersoonhuishoudings alle ander tipes van lewenssituasies oortref. Dit het die vorige jaar meer as 28,2 persent van alle huishoudings behels – meer as die persentasie paartjies met kinders, paartjies sonder kinders, enkelouergesinne, meervoudige gesinshuishoudings en alle ander kombinasies van mense wat saamwoon" (*"Census 2016: More Canadians than ever are living alone," The Globe and Mail*, 2 Augustus 2017).

Sedert 2016 kies meer volwassenes alternatiewe soos om by hulle ouers te woon, alleen te bly of ongetroud saam met kamermaats te woon. "Terwyl meer as twee derdes (68 persent) van mense in 1981, tussen die ouderdomme van 25 en 29 egpare was, was dit die geval vir net minder as twee-vyfdes (39 persent) van mense in hierdie ouderdomsgroep in 2021" *("How and Why there are So Many Singles in Canada," PsychologyToday.com*, 10 Junie 2023).

Vanaf 2021 woon 15 persent van die bevolkingsgroep van ouderdomme 15 jaar en ouer op hulle eie – 'n totaal van 4,4 miljoen mense in vergelyking met 1,7 miljoen mense in 1982 *("Living Solo," Statistics Canada*, *StatCan.gc.ca*, 29 September 2022). 'n Mens moet die vraag vra waarom so baie mense verkies om "alleen te gaan woon" eerder as om hulle lewe saam met 'n huweliksmaat te ervaar. Daar is baie redes vir hierdie toename, maar die realiteit van 'n openbare verandering oor die mening van die huwelik kan nie geïgnoreer word nie.

'n Opname wat deur die meningspeiler Angus Reid gedoen is, het getoon dat 53 persent van die Kanadese saamstem met die stelling: "'n Huwelik is eenvoudig nie nodig nie". Hierdie oortuiging word gehuldig deur 60 persent van mans tussen die ouderdomme van 18-34. Dit behoort dan ook geen verrassing te wees dat hierdie verandering in houding teenoor die huwelik, ook 'n verandering in houding teenoor godsdiens weerspieël nie. Onder getroude Kanadese tussen die ouderdomme van 18-34 was minder as die helfte van hulle in 'n godsdienstige seremonie getroud, met 53 persent wat eerder 'n burgerlike seremonie verkies het. ("Ek doen nie: Vier uit tien Kanadese volwassenes het nog nooit getrou nie en is nie seker of hulle wil nie," *AngusReid.org*, 7 Mei 2018).

**Dalende geboortesyfers**

In die meeste Westerse nasies het veranderende openbare gesindhede wat betref huwelike, kinderopvoeding en die gesin in die algemeen, blywende gevolge. Kanada is nie die enigste land wat skerp afnames in die aantal tradisionele gesinne waarneem nie. Een van die ooglopende nadelige gevolge van minder paartjies en minder huwelike is dat Kanada 'n sorgwekkende neiging van minder babas in die gesig staar.

Die *MacDonald-Laurier*

*Institute*, 'n dinkskrum vir openbare beleid wat in Ottawa geleë is, voeg 'n kommerwekkende getal by hierdie bevindings. Kanada se geboortesyfers het van 1,6 in 2016 tot 1,3 in 2022 gedaal *("Canada's Family Erosion," MLI, MacDonaldLaurier.ca*, 7 Mei 2024). 'n Daling van 0,3 klink dalk nie betekenisvol nie, maar dit neem 'n baie klein getal en maak dit nog kleiner. Dit is bekend dat 'n geboortesyfer van 2,1 babas per vrou van 15-49 die maatstaf is om 'n bevolking te handhaaf. Tans is Kanada se geboortesyfer slegs twee-derdes van wat nodig is om sy bevolking te handhaaf – en die geboortesyfer se koers van 1,3 verteenwoordig 'n byna 20 persent afname in slegs ses jaar.

In 2021 het *Statistics Canada* sommige van die probleme beskryf wat met hierdie daling in geboortesyfers geassosieer word: "Indien die land se geboortesyfer in die komende jare verder afneem, kan Kanada aansluit by die lande met die 'laagste lae' geboortesyfers (1,3 of minder kinders per vrou) – 'n situasie wat verband hou met vinnige veroudering van die bevolking en verhoogde spanningsvlakke in die arbeidsmark, openbare gesondheidsorg en pensioenstelsel" (*"Fewer babies born as Canada's fertility rate hits a record-low in 2020," StatCan.gc.ca*, 16 Mei 2022).

Terwyl die besluit om in die huwelik te tree en kinders te hê 'n baie persoonlike besluit is en daar baie wettige redes is waarom 'n mens kan kies om enkellopend te bly, het die algehele neiging van minder Kanadese wat die huwelik verkies en minder Kanadese wat verkies om kinders te hê 'n impak op die samelewing. *MacLean* se tydskrif het die werklikheid beklemtoon:

> Die huwelik is dalk net nie meer so


# PAASFEES (EASTER)

## *Die storie wat nie vertel is nie*

## *Die Waarheid wat verontagsaam is*

*Elke jaar vier belydende Christene 'n vakansiedag wat bekend staan as Paasfees, maar min mense verstaan die ware oorsprong daarvan. Hoe het dit gebeur dat 'n dag wat veronderstel is om Jesus Christus se opstanding uit te beeld, geassosieer geraak het met die naam van die heidense godin, Eostre? Wat is die oorsprong daarvan om die dag met hasies en gekleurde eiers te vier en wat het dit met mekaar te doen? Wat het hierdie dinge te doen met die opstanding van Christus?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

belangrik soos wat dit voorheen vir jong paartjies was nie. Dit is egter baie belangrik vir die gemeenskap in die algemeen. Getroude paartjies is 'n grondslag van die ekonomie. Hulle verdien, spaar en bestee meer as wat hulle ongetroude eweknieë doen. Hulle is gelukkiger. Baie bewyse toon dat stabiele gesinne met twee ouers goed is vir kinders. Kinders wat binnein 'n getroude gesin grootword, is baie meer geneig om sukses op skool te behaal, werk te kry en probleme later in hulle lewe te vermy as dié wat in ander situasies grootgemaak word, hoe liefdevol ook al ("You can't mandate marriage, even if it's good for society," *Macleans.ca*, 11 Oktober 2011).

**Ons volle potensiaal**

Buiten *MacLean* se verslae en statistieke wat verskaf is deur *Statistics Canada* of die *Angus Reid Institute*, is die realiteit wat vir ons nodig is om te verstaan – reg van die begin van die skepping af – dat mans en vroue geskep is om hulle volle potensiaal binne 'n gesinstruktuur te bereik.

Die tweede hoofstuk van Génesis bevat die bekende verslag van God wat Adam se rib gebruik het om Eva te skep. Die taalgebruik maak dit duidelik dat Adam na geselskap verlang het. "... maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie" (Génesis 2:20).

Adam se reaksie was een van pure opgewondenheid toe God vir Eva na hom gebring het: "Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal manin genoem word, want sy is uit die man geneem" (Génesis 2:23). Hy kon dalk selfs die groter belangrikheid van hulle verhouding besef – die skepping van die eerste menslike gesin.

Hoeveel waarde het God aan die gesin geheg? Hy het dit goed geag om te verseker dat twee van die Tien Gebooie, wat die mees basiese en fundamentele uitdrukkings van Goddelike moraliteit is, daarop gerig is om die gesinseenheid in stand te hou. Die vyfde Gebod lees: "Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee" en die sewende Gebod verklaar bondig: "Jy mag nie egbreek nie" (Exodus 20:12, 14).

Moontlik het u nie die voorreg gehad om met 'n positiewe ouerlike voorbeeld groot te word nie en is u nie heeltemal seker hoe dit is nie. Indien wel, het u liefdevolle Skepper u nie sonder hulp gelaat nie. Die Bybel bevat 'n magdom inligting wat beginsels beskryf wat u kan help om 'n beter vader, moeder, broer, suster, man, vrou, seun of dogter te wees en dit kan u help om uself vir 'n toekomstige gesin voor te berei.

Gedurende die afgelope paar dekades is daar 'n aanval geloods op die gesinseenheid. Alhoewel baie mense hulleself in minder gunstige situasies buite hulle beheer bevind, maak familie saak. Dit is die grondslag van die samelewing en die grondslag van suksesvolle gemeenskappe. 'n Gesonde gesin is – en was nog altyd – die beste omgewing waarin kinders grootgemaak kan word om toekomstige geslagte te vorm.

Dit is 'n sleutel tot begrip om die lewensbelangrike rol van die gesin te verstaan van die lewenswyse wat God in die Bybel openbaar. Die twee ondersteun mekaar op diepgaande wyses en die gesinseenheid leer ons ook baie oor God se volledige plan. Indien u belangstel om meer oor hierdie belangrike verband te wete te kom, kan u u eie gratis eksemplare van *Wat is die doel van die lewe*? en *Suksesvolle Ouerskap volgens God se riglyne*, bestel van die streekkantoor naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) of u kan dit aanlyn lees by *wvm.co.za*. WvM

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Die Aberfan-ramp: 'n Tragiese dag en 'n hoopvolle toekoms

## Deur Simon R. D. Roberts

Die inwoners van die Walliese myndorp Aberfan het die oggend van 21 Oktober 1966 wakker geword te midde van 'n dik, herfsmistigheid na weke van swaar reënbuie. Kinders was op pad na die Pantglas junior skool, wat oorskadu was deur groot hope steenkoolafval – wat steenkoolafvalstortterreinegenoem word – van die plaaslike *Merthyr Vale Colliery* [steenkoolmyn]. Net toe die klasse begin om 9:15 v.m. het meer as 110,000 kubieke meter (140,000 kubieke jaart) vloeibare steenkool [modderige slyk] teen die heuwel afgestort. 'n Geluid soos donderweer het 'n massiewe, swart steenkool modderstorting van ses meter (20 voet) hoog voorafgegaan. Die storting het mure gebreek en deur vensters gebars en die jong skoliere verswelg.

Daardie dag het 116 kinders en 28 volwassenes hulle lewens verloor. Ten spyte van die heldhaftige pogings van die plaaslike gemeenskap en reddingsdienste, het baie min kinders in die agterste klaskamers oorleef.

Hierdie ramp, die ergste waarby kinders in die hedendaagse Britse geskiedenis betrokke was, het byna 'n gemeenskap se hele generasie binne sekondes uitgewis. Die oorlewendes, bedroefde ouers, broers en susters en ander lede van die plaaslike gemeenskap is die afgelope meer as 58 jaar steeds diep geraak deur hierdie tragiese voorval. Watter troos en hoop kan ons in God se Woord vind vir diegene wat hulle lewens verloor het – en vir diegene wat oorleef het en geteister word deur herinnerings so helder asof die storting gister plaasgevind het.

### Die tragedie van daardie dag

Aberfan (uitgespreek "a-buh-van"), het soos baie ander gemeenskappe in Suidelike Wallis se vallei doen, ontstaan as gevolg van die plaaslike steenkoolmyn waar baie myners ondergronds sowel as bogronds in diens was. Mynwerkers was vertroud met die gevare van hulle werk, met inbegrip van tonnel-ineenstortings, giftige gasse en die opbou van steenkoolstof in hulle longe. Die risiko's vir hulle gesinne by die huis was in vergelyking met bogenoemde risiko's as minimaal beskou.

Die proses om steenkool te myn produseer groot hoeveelhede afvalmateriaal wat uitskot genoem word en waarvan ontslae geraak moet word. *Merthyr Vale Colliery* het sewe steenkoolafvalstortterreine gehad, waarvan die jongste 34 meter (111 voet) hoog was en bo-op 'n natuurlike fontein geleë was. Swaar reën in die voorafgaande drie weke het die onderliggende afval in modderige slyk verander en om 07:30 daardie dag het 'n klein insakking ('n versonke area) die oggendskof begroet.

Skoliere by Pantglas junior skool, afdraand van die stortpunt af, het hulle laaste dag van klasse begin voor die halftermyn skoolvakansie sou aanbreek. Die steenkoolafval het toe teen die heuwel in hulle rigting begin beweeg. Dit het teen 'n spoed opgebou wat geen tyd vir waarskuwing gelaat het nie. Oorlewendes het beskryf hoe die modderige slyk die klaskamers vinnig oorweldig het en liggame is vasgevang soos in dik sement en onder die druk van puin vergruis. Nadat die geraas opgehou het, het alles swart en stil geword; kliniese data het later getoon dat die meeste slagoffers as gevolg van versmoring gesterf het. Diegene wat nog geleef het, het besef dat hulle vasgekeer was langs onderwysers, vriende en klasmaats wat omgekom het. Hulle was nie in staat om hulleself te bevry nie en het op redding gewag.

Die gemeenskap het vinnig die omvang van die ramp begryp en met hulle kaal hande begin werk om oorlewendes te bevry. Nooddienste en mynwerkers het opgedaag met die wete dat hulle eie kinders steeds vermis was. As gevolg van die bykomende probleme

het die grondverskuiwing die plaaslike hoof water toevoerpyp laat bars en meer water by die modderige slyk gevoeg. Aanvanklik was min gereedskap beskikbaar en mense het in rye gestaan om rommel per hand aan te gee. 'n Fluit het af en toe geblaas en honderde reddingswerkers het stil geraak om te luister vir enige oorlewendes se uitroepe. Selfs die sterkstes onder hulle het in trane uitgebars oor die verskriklike omstandighede. Geen oorlewendes is ná 11:00 gevind nie en dit het 'n week geneem om elke slagoffer onder die puin uit te haal. Liggame is vir identifikasie-doeleindes na 'n nabygeleë kapel geneem wat as 'n lykshuis gebruik is. Die gees van samewerking was buitengewoon en mense van buite Aberfan het kom help nadat die nuus op nasionale TV uitgesaai is.

Ongeveer 10,000 mense het op 27 Oktober die gesamentlike begrafnis van 81 kinders en 'n moeder – wat saam met haar twee seuns aan weerskante van haar begrawe is – by die Aberfan-begraafplaas bygewoon, waar die gestorwenes in twee lang slootgrafte begrawe is. Vandag staan daar 'n gedenktuin by Pantglas junior skool.

Die dag was vir baie van die oorlewende skoliere díe dag waarop hulle kinderjare geëindig het. Sommige van hulle het nog nooit in besonderhede oor hulle ervaring gepraat nie, terwyl andere vertroosting gevind het deur hulle herinnerings en hartseer te deel. Baie kinders het aan nagmerries, vrees vir die donker, post-traumatiese stresversteuring en skuldgevoelens as gevolg van oorlewing gely. Ouers wat kinders verloor het kon dit nie hanteer om oorlewende kinders in die strate te sien speel nie. Die droefheid was so groot dat hulle dit vermy het om hulle verlore kinders selfs met ander ouers wat dieselfde verlies ervaar het, te bespreek.

'n Vyf maande lange regstribunaal oor die oorsaak van die ramp het op 2 November 1966 begin en bepaal dat die Nasionale Steenkoolraad in geheel verantwoordelik was. Vrees vir die sluiting van myne en aansienlike werksverliese het die gemeenskap waarskynlik laat huiwer om potensiële gevare aan te spreek.

Koning Charles III, wat destyds die Prins van Wallis was, het in Aberfan gepraat tydens die ramp se 50ste herdenking en het verwys na die gemeenskap se "donkerste smart, maar ook die skitterende onbaatsugtigheid" sowel as die oorlewendes se moed en vasberadenheid. Wanneer ons die tragiese verlies van jong lewens, hulle onvervulde potensiaal en die desperate hartseer van die gesinne wat hierdeur geraak is, in ag neem, moet ons vra: Is hulle sonder hoop?

**Hoop vir die toekoms**

God het 'n plan en doel vir almal. Die Skrif sê vir ons dat Hy vir ons "'n hoopvolle toekoms" wil gee (Jeremia 29:11). Sommige mense mag dalk dink dat daardie kinders in Aberfan geen toekoms, geen hoop het nie – dat hulle kortstondige bestaan met al hulle onvervulde drome, daardie dag tot 'n einde gekom het. Die Skrif is egter duidelik dat diegene wat gesterf het bloot slaap en wag op 'n terugkeer na die lewe (1 Thessalonicense 4:13-15). Ons hoop behoort dié van die apostel Paulus te weerspieël: "... dat daar 'n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges" (Handelinge 24:15).

Openbaring 20:5 sê vir ons dat na die eerste duisend jaar van Christus se heerskappy op aarde, "die ander dode" uit die dood opgewek sal word en Eségiël 37 verduidelik dat dit 'n opstanding tot fisiese lewe sal wees – nie tot onsterflikheid soos die eerste opstanding van God se volk aan die einde van hierdie tydperk nie. Hierdie opstanding sal die oorgrote meerderheid van mense insluit wat nog ooit geleef het, aangesien hulle nooit 'n geleentheid gehad het om God werklik te ken nie (Matthéüs 11:21-24; Johannes 6:44, 65;).

Die kosbare jong lewens van Aberfan sal hulle geleentheid kry om die Bybel te verstaan. God sê dat hulle *dan* in sy barmhartigheid geoordeel sal word "en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke" (Openbaring 20:12). Met inagneming van die miljarde mense wat sinneloos sterf, is dit vertroostend en inspirerend om te besef dat hulle tragiese eindes nie finaal is nie.

Die Almagtige God, in Sy liefde en sorg vir die mensdom, het geweldige planne vir die kinders van Aberfan, wat almal

na Sy beeld gemaak is (Génesis 1:26-27). Hy het hulle nie vergeet nie; hulle sal leef en oorvloedige vreugde ervaar in gehoorsaamheid aan God en hulle sal hulle vriende en klasmaats weer sien. Hulle sal die hoogste doel wat God vir die hele mensdom het verstaan en hulle geleentheid kry om werklik God se waarheid te aanvaar. Dit is die wonderlike toekomstige hoop vir Aberfan se gesinne en kinders.

Vir meer oor hierdie onderwerp, kan gedrukte eksemplare van *Is Hierdie die Enigste Dag van Redding?* aanvra sowel as *WAT GEBEUR WANNEER U STERF?* of besoek *wvm.co.za* om dit aanlyn te lees. WvM


## Wie of Wat is die Antichris?

*Kan u uit die bybel bewys wie of wat die geprofeteerde Anti-Chris werklik is? Hierdie is nie die een of ander geheime, kriptiese onderwerp nie. U korrekte begrip hiervan mag bepaal of u in staat sal wees om die rol wat God vir u in Sy Koninkryk beplan te vervul, al dan nie!*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!


*Vervolg vanaf bladsy 22* – **Die stoeigeveg wat die geskiedenis verander het**

maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Génesis 12:2-3).

In die Skrif word die verhaal vertel van God se interaksie met Israel en die gebeure wat gelei het tot die geboorte van Jesus Christus as die Verlosser van die mensdom. Die fisiese stryd in die wildernis tussen Jakob en die Een wat die Messías geword het, was 'n belangrike gebeurtenis in die vestiging van Israel as die instrument wat God sou gebruik om Sy plan uit te voer.

Nasies is families wat magtig geword het. Die nasies wat nou die Midde-Ooste beset, is onder die afstammelinge van daardie antieke families, wie se konflikte en twispunte tot vandag toe voortduur. Hierdie onoorkombare probleme sal nie opgelos word voordat Jesus Christus in krag en heerlikheid terugkeer as die Koning van die konings en Prins van vrede om Sy Koninkryk te vestig nie. WvM

# Die WERKE van Sy hande

## Strottehoof [stemkas, larinks], taal en Logos

Deur William Bowmer

*Menslike spraak is baie verskillend van die diere se kommunikasie. Ons fisiese verskil is die grondslag van nog ander verskille wat ons uitsonder van ander skeppings van God.*

Het u al ooit probeer dink hoe u lewe sou wees indien u nooit 'n taal aangeleer het nie? Ek bedoel nie 'n twééde taal nie. Hoe sou u geesteswêreld gewees het indien u géén taal gepraat het nie? Ons sien dat baie diere vorms van nie-verbale kommunikasie gebruik. Sommige dierkundiges sal ons nogtans wys op elementêre vorms van mondelinge kommunikasie in verskeie spesies. Daar is iets heeltemal anders aan menslike spraak en die wyse waarop menslike wesens woorde in tale vorm.

Baie van daardie verskille spruit voort uit die unieke fisiese samestelling van die menslike liggaam en ons fisiese verskille van diere lê die grondslag vir ander lewensbelangrike verskille wat ons van die res van God se skepping onderskei.

**Dink buite die stemkas**

Die menslike larinks, wat soms die stemkas genoem word, is 'n buis wat ons stembande bevat; dit reguleer ons asemhaling, sluk en praat. Dit is saamgestel uit kraakbeen, ligamente, spiere en 'n slymvlies en verhoed dat kos in ons lugpyp beland wanneer ons eet en dit beïnvloed ook die toonhoogte van ons stem – 'n groot larinks gaan gepaard met 'n dieper stem. Die siekte wat ons *laringitis* noem, wat tipies beskou word as 'n grootliks verminderde vermoë om te praat [klank voort te bring], is die ontsteking van die larinks.

Hierdie merkwaardige deel van ons respiratoriese kanaal is 'n omstrede onderwerp onder evolusioniste, want baie van hulle glo dit is 'n bewys van toevallige evolusionêre ontwikkeling. Die evolusionis Richard Dawkins beweer dat die menslike larinks "'n deurmekaarspul geraak het, anders as die netjies simmetriese, periodieke herhalings" van wat hy glo die voorouer van visse is (*The Greatest Show on Earth*, bl. 360). Hy wys daarop dat die laringeale senuwee by mense sowat sewe keer langer is as wat dit sou wees indien dit die mees kortste roete tussen die brein en keel sou volg. Die senuwee by mense dien egter meer doeleindes op sy kronkelende roete as die eenvoudiger, korter senuwee in visse.

Dit is nie verbasend dat primate verskil van ander soogdiere nie en die menslike larinks verskil verder van dié van ander primate in 'n belangrike en verbasende wyse. Dit het nie die vokale membraan wat in ander primate voorkom nie en dit het ook nie die lugsakkies wat baie spesies van ape help om hulle bulderende uitroepe te laat hoor nie. Dit is 'n raaisel vir evolusioniste – sou die evolusionêre voordeel van die vokale membraan ontwikkelende primate *bevoordeel* het, net om dit te verloor om op een of ander wyse *bykomende* voordeel te bied?

Die gebrek aan die vokale membraan is tog op sigself nie voldoende om menslike spraak moontlik te maak nie. Die menslike tong is op 'n ander manier in die keel verbind as wat ons by primate kry en die vorm daarvan maak ook die gebruik van die stemkas moontlik om 'n verskeidenheid beheerde klanke baie meer presies en duidelik te maak as die geskreeu en gille van diere.

Evolusioniste bied hulle verduidelikings vir elke individuele verskil tussen mense en diere, maar al die gesamentlike verskille gee aanleiding tot die probleem van egte wiskundige en statistiese onwaarskynlikheid. Veel meer sou oor hierdie punt gesê kon word. Indien u meer te wete wil kom oor die onlogiese redenasies agter soveel van die

*Vervolg op bladsy 21*

# Gevaarlike "Christelikheid"

## Deur Rod McNair

Is Christelikheid gevaarlik? Hierdie vraag mag dalk sinneloos lyk. Christenskap onderrig immers dat u u naaste sal lief hê, die ander wang sal draai asook om genade aan u vyande te betoon. Hoe kan *dit* gevaarlik wees?

Gedurende die afgelope jare was daar toenemend sprake dat langdurige Christelike tradisies nie voordelig vir die samelewing is nie en selfs in wese skadelik kan wees. Indien u reeds 'n paar dekades lank leef, het u waarskynlik hierdie verskuiwing opgemerk en dit was skokkend. Volgens hierdie narratief behels Christelikheid nie deernis of hou nie tred met die tyd nie. Dit is ook nie "polities korrek volgens die geskiedenis" nie. Die lys van kritiek gaan aan.

Bybelgebaseerde tradisies vorm tog vir eeue lank al die ruggraat van die Westerse beskawing. Wanneer in ag geneem word dat Jesus Christus genade, liefde en bedagsaamheid teenoor ons naaste onderrig het, hoe is dit dan dat Christelikheid as die vyand beskou word? Wat het hierdie geweldige verandering veroorsaak in hoe die wêreld se mees wydverspreide godsdiens deur so baie mense aanvaar word?

Kulturele veranderings vind nie oornag of in stilligheid plaas nie. Daar is redes vir die dramatiese veranderings wat ons in die samelewing opgemerk het asook die toenemende neiging van vyandigheid teenoor Christelikheid. Wat behoort ons af te lei van hierdie neiging? Waarom gebeur dit? Nog belangriker, wat behoort ons daaromtrent te doen? Die antwoorde is nie voor die hand liggend nie – maar dit *is* só volgens die Bybel.

**Toenemende vervolging**

Alhoewel sommige mense Christelikheid as gevaarlik beskou, is daar geen twyfel dat Christelikheid opsigself aangeval word nie. Ongeveer 2,5 miljard mense wêreldwyd noem hulleself Christene en 365 miljoen van hulle woon in nasies waar hulle "hoë mates van vervolging of diskriminasie" ervaar, volgens *Christianity Today (“The 50 Countries Where It's Hardest to Follow Jesus in 2024,”* 17 Januarie, 2024).

Dit is maklik om dit te verontagsaam wanneer ons gemaklik in die Westerse wêreld leef – ver verwyder van sulke vervolging en waar ons baie vryhede geniet. Daar is egter wel tekens dat daardie vryhede besig is om af te neem, selfs in die Westerse lande – meer vervolging mag heel moontlik voor die deur lê.

Sekere wetgewers in Kanada oefen druk uit op wetgewing wat haatspraak as minder ernstig sou herdefinieer as ooit tevore. In Skotland is soortgelyke wetgewing reeds deurgevoer. In Finland is 'n parlementslid, Päivi Räsänen, in 2022 voor die hof gedaag vir "haatmisdaad" wat met die Bybel verband hou. Me. Räsänen is daarvan aangekla dat sy neerhalende opmerkings teenoor homoseksuele gemaak het deur Romeine 1:24-27 aan te haal. Sy het net bloot gesê wat in die Bybel geskryf is. Die Bybel *self* word voor die hof gedaag.

Dit behoort almal te raak wat hulleself as Christene beskou. *ReligiousFreedomInstitute.org* het dit goed opgesom: "Die Räsänen-vervolging het niks meer gedoen as om 'n logiese gevolgtrekking te maak uit die ideologiese verskuiwing wat in die afgelope dekades plaasgevind het nie. Dit het nie net in Finland gebeur nie, maar ook in die Verenigde State, Kanada en die res van Wes-Europa. In vandag se Westerse lande ... noudat hierdie tipe instinktiewe wêreldsheid 'n progressiewe kulturele norm geword het, *is* Romeine 1:24-27 haatspraak" *(“The Bible as Hate Speech?,”* 1 April 2022).

Wat behoort u dus te doen wanneer die samelewing u geloofstelsel as gevaarlik bestempel en dit vir u al hoe gevaarliker raak om dit te beoefen? Kom ons ondersoek drie stappe wat ons kan en behoort te neem namate die wêreld se vyandigheid teenoor Bybelse waardes toeneem.

**Leef volgens die Woord van God**

Dit lyk dalk te eenvoudigste, maar moenie die ooglopende miskyk nie – maak seker u leef volgens die Bybel en leef soos

'n Christen. Dit beteken om by wyse van spreke, ons geestelike huise in orde te kry. Die apostel Petrus het dit in sy eerste opgetekende brief verduidelik:

> "As julle beledig word oor die Naam van Christus, is julle gelukkig, omdat die Gees van die heerlikheid en van God op julle rus. Wat hulle betref, word Hy wel gelaster; maar wat julle betref, word Hy verheerlik. Want niemand van julle moet ly as moordenaar of dief of kwaaddoener of as een wat hom met die sake van 'n ander bemoei nie. Maar wanneer iemand as 'n Christen ly, moet hy hom nie skaam nie, maar God verheerlik in hierdie opsig" (1 Petrus 4:14-16).

Wanneer u uself bloot "Christen" noem, maak u uself nie 'n Christen nie. Ons sien dit soveel kere in "Christelike" gedrag (Matthéüs 7:21). Navorser George Barna het bevind dat die voorkoms van "Bybelse wêreldbeskouing in die Verenigde State, vir vyf opeenvolgende generasies afgeneem het en gedurende daardie tyd het die aantal volwassenes wat 'n Bybelse wêreldbeskouing het, van 12% tot die huidige 4%-vlak gedaal. Hierdie verandering onder jonger generasies lei 'n 'nuwe moraliteit' in wat nou deur die meerderheid van alle Amerikaanse volwassenes aanvaar word" (*"Christian Revival Church*-studie toon dat jonger generasies die Bybelse wêreldbeskouing verwerp en 'Nuwe moraliteit' inlei" *Arizona Christian University*, 28 Mei, 2024).

Dit is nie 'n nuwe probleem nie. 'n Eeu gelede het professor Rufus M. Jones geskryf: "Indien Christus Self deur Sy latere volgelinge as die model en voorbeeld van die nuwe lewenswyse beskou is en 'n ernstige poging was aangewend om Sy lewe en onderrig as die standaard en norm vir die Kerk aan te neem, sou Christelikheid iets totaal verskillend gewees het van wat dit geword het" (*The Church's Debt to Heretics*, 1924, bll. 15-16). Die negentiende-eeuse filosoof en teoloog Søren Kierkegaard het sonder om doekies om te draai gesê: "Die Christenskap van die Nuwe Testament bestaan eenvoudig nie meer nie" (*Kierkegaard's Attack Upon "Christendom,"* vertaal deur Walter Lowrie, 1946, bll. 32-33). Eenvoudig gestel: Jesus se leerstellings is deur die eeue afgewater met valshede en toegewings.

Indien Christelikheid dus gevaarlik, giftig en aftakelend is, mag u dalk dink dat Sy vyande verlig sou wees dat baie min mense dit werklik beoefen. Christene staar nogtans gevaarlike tye in die gesig wat nóg gevaarliker sal word. Ons behoort nie verbaas te wees hieroor nie; Jesus Christus het selfs Sy dissipels gewaarsku oor hoe om sulke tye te hanteer: "En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld? En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei" (Matthéüs 24:3-5).

Dit kan maklik wees om dit nie raak te lees nie, maar Jesus het gesê dat baie mense *onder Sy Naam* sou kom, hulle geloof in Hom belei en selfs aanspraak maak op Hom as hulle Here, maar sou "baie mense mislei". Ons moet verstaan dat baie mense wat Christus se naam gebruik, nie Sy ware volgelinge is nie. Ons moet in staat wees om *vals* Christelikheid te herken.

Waarom is dit so belangrik? Daar is deesdae baie valse Christene in ons wêreld. Indien ons werklik Christus se dissipels wil wees, moet ons uitvind wat die Bybel sê en ons lewens daarvolgens in ooreenstemming bring. Christus het vir Sy dissipels gesê: "... op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matthéüs 16:18). Met ander woorde, Jesus Christus se Kerk, die Kerk wat Hy Self gebou het, sal *nooit* uitsterf nie, selfs al volg die meerderheid self-geïdentifiseerde "Christene" Hom nie.

Het Jesus dan vir ons enige instruksies nagelaat oor wat ware Christene behoort te doen wanneer die wêreld rondom hulle hulle geloof as gevaarlik bespot? Hy gee wel instruksies en een van daardie opdragte is baie moeilik vir die

meeste mense om te aanvaar: Christene behoort hulleself nie in die politiek van hierdie wêreld te laat verstrengel nie.

**Moenie geloof in politiek plaas nie**

Wanneer politici daarna streef om u godsdiensvryhede te vertrap, mag 'n mens dalk in die versoeking kom om terug te veg en 'n politieke oplossing te soek. Veral in die V.S. wend sommige mense hulle tot wat hulle "Christelike Nasionalisme" noem. Die beweging is uiteenlopend en dit is moeilik om dit tot een definisie te beperk, alhoewel *Christianity Today* die volgende voorstel: "Christelike Nasionalisme is die oortuiging dat die Amerikaanse volk deur Christelikheid gedefinieer word en dat die regering aktiewe stappe behoort te neem om dit so te hou" (*"What Is Christian Nasionalism?"* 3 Februarie 2021).

Behoort volgelinge van Jesus Christus die Christelike Nasionalisme te ondersteun? Indien u na die nuus kyk, weet u van die negatiewe druk wat Christelikheid vanuit baie oorde ondervind. Sommige politici verkondig tog dat hulle Christelikheid en hulle politieke sienings nie net versoenbaar is nie – dit is onafskeidelik. Wanneer Josh Hawley, die Republikeinse senator van Missouri, medekonserwatiewes van sy Christelike Nasionalistiese oortuigings vertel het, het hy 'n storm ontketen. "Sommige van u sal nou sê dat ek Amerika 'n Christelike nasie noem", het hy gesê. "Dit is wat ek sê. Sommige van u sal sê dat ek Christelike Nasionalisme voorstaan. Dit doen ek wel … mý vraag is, is daar enige ander soort oortuiging wat die moeite werd is om te hê?" (*"Josh Hawley Doubles Down on Christian Nationalism Remarks," Newsweek*, 10 Julie 2024).

Teenstanders het vinnig gewys op die bekende Verdrag van Tripoli, wat in 1797 deur president John Adams onderteken is en wat verklaar het: "Die regering van die Verenigde State van Amerika is nie op enige manier op die Christelike Godsdiens gegrond nie". Interessant genoeg word daardie frase nie in die Arabiese vertaling van die verdrag gevind nie, wat dit moeilik maak in 'n poging om die Noord-Afrika Moslems met wie die verdrag onderteken is, tevrede te stel. Byna van die begin van die V.S. se ontstaan het partye oor en weer getwis daaroor of hulle nasie veronderstel is om 'n "Christelike" nasie te wees of nie.

Indien u bekommerd is oor die regte van opregte Christene wat vertrap word en u betreur die verbrokkeling van Bybelse waardes in die samelewing, mag dit verstaanbaar wees dat u 'n verwantskap ondervind met diegene wat probeer terugveg teen hierdie stortvloed. U mag dalk selfs polities betrokke wil raak. Vra uself egter af – wil God hê dat u u geloof in politieke bewegings plaas? Ons is dankbaar vir enige leiers in ons regerings wat Bybelse waardes ondersteun, maar sal politieke bewegings werklik ons probleme oplos? *Natuurlik nie.*

Jesus Christus was onderworpe aan geweldige druk om terug te veg teen die politieke magte van Sy tyd. Let op na wat Hy sê toe Hy ondervra is deur die Romeinse goewerneur Pontius Pilatus: "Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie" (Johannes 18:36). God wil nie hê dat ons betrokke raak by die politieke geskille van hierdie wêreld nie. Hy wil nie hê dat ons ons teëstanders fisies of polities beveg nie.

Dit bring ons by die ironie agter die belangrikste doelstellings van "Christelike Nasionalisme". Terwyl sommige mense redeneer dat die stelsel van die nasie polities oorgeneem behoort te word met die doel om die land meer "Christelik" te maak, sê Jesus se *eie* instruksies *en benadering* vir ons om *nie* betrokke te raak by sulke wêreldse probleme nie. Die "Christelikheid" van daardie voorstanders verskil aansienlik van hulle Verlosser se siening!

**'n Geprofeteerde "Christelike" politieke mag?**

Bybelprofesieë openbaar *wel* dat 'n soortgelyke maar bedrieglike beweging aan die einde van hierdie eeu in die wêreld tot stand sal kom. Dit sal gelei word deur 'n charismatiese leier van Europa, uitgebeeld as 'n redder en verdediger van Christelike waardes en hy sal miljarde

mense van sy valse saak oortuig. Let op hoe die Skrif hierdie leier beskryf: "EN uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak" (Openbaring 13:11).

Hierdie valse godsdienstige leier sal beweer dat hy Christelik is, "en hy het twee horings gehad net soos 'n lam" – 'n simbool van Jesus. Hy sal egter "praat soos 'n draak" – Satan die duiwel (sien Openbaring 12:9). Sy woorde en leerstellings sal *nie* ooreenstem met die Bybel nie.

Wat sal hierdie leier doen? Ons sal vind hy "doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is ... En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word" (Openbaring 13:13-16).

Volgens Markus se weergawe van Jesus se Olyfbergprofesie sal hierdie wêreldwye misleiding groot wees "en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei" (Markus 13:22). Dit sal 'n uiters gevaarlike tyd vir ware Christene wees – die gevaarlikste tyd in die hele geskiedenis.

Johannes beskryf ook hierdie vervalste godsdienstige stelsel as 'n vrou wat op 'n dier sit. Die Skrif gebruik dikwels 'n vrou om 'n kerk te simboliseer. Let wel:

> "... en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery; en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde ... dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus" (Openbaring 17:3-6).

Vervalste Christelikheid *ís* gevaarlik – dit sal ware dienaars van God doodmaak, godsdiensvryheid tot niet maak en gehoorsaamheid met geweld afdwing. Sy valse profeet, wat in samewerking met 'n politieke en militêre leier wat deur die Skrif "die dier" genoem word, sal ongekende lyding vir ons wêreld bring.

Let op wat Johannes later skryf: "En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër" (Openbaring 19:19). Hierdie alliansie tussen kerk en staat sal letterlik oorlog voer teen die terugkerende Christus – maar dit sal nie opgewasse wees teen Hom nie. Die Een wat op die perd sit – Jesus Christus – sal in heerlikheid en krag terugkeer om hierdie rebellie te onderdruk, soos Johannes dit opgeteken het: "En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand" (Openbaring 19:20).

Namate die samelewing al hoe meer vyandiggesind raak teenoor *ware* Christenskap, sal Christus se ware volgelinge vind dat hulle in toenemend gevaarlike tye leef. Wat staan ons dus te doen? Ons moet ons lewens in alle opsigte volkome met Christus in lyn bring – en sodoende *weier* om by politieke bewegings betrokke te raak.

**Laat Christus ons Beskermer wees**

Dit is reeds genoem, die Boek Openbaring gebruik 'n hoervrou om 'n valse kerk aan die einde van hierdie eeu te simboliseer. Dit gebruik ook die beeld van 'n kuis en rein vrou om God se getroue, Ware Kerk uit te beeld. Wat sê Openbaring oor daardie Kerk?

Openbaring bied 'n agter-

die-skerms vooruitskouing van 'n kosmiese oorlog wat nog voorlê wanneer Satan die duiwel teen God Sélf sal veg. "En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie ... En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:7-9).

Hou in gedagte dat die valse kerk – wat miljarde mense sal mislei – deur die draak beïnvloed word. Dit is waarom so baie Christene in die laaste dae slegs in naam, Christene is: Hulle is mislei om 'n vervalste godsdiens te aanvaar. God se mense het lankal voor die versoeking te staan gekom om hulle te distansieer van God se ware weë en mensgemaakte oplossings te aanvaar vir probleme wat net hulle Here werklik kan oplos, soos dit bespreek word in ons artikel, "Die leiers wat ons verdien", elders in hierdie uitgawe.

Diegene wat Christus waarlik volg, sal egter beskerm word teen verdelging en verwoesting. God sal vir hulle beskerming op aarde bied in 'n plek van veiligheid. "En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd" (Openbaring 12:13-14).

**Sal Christene "weg vlieg"?**

Sommige mense dink verkeerdelik dat die Skrif 'n "wegraping" van die Kerk beskryf, maar dit beskryf eenvoudig 'n vlug na 'n "woestyn". Die hemel is *nie* 'n wildernis nie. Die Israeliete het "op arendsvlerke" uit Egipte gekom (Exodus 19:4) en aangesien hulle uit Egipte *gestap* het, weet ons dat dit simboliseer dat God aan hulle die weg van ontsnapping verskaf het en Hy sal dieselfde doen wanneer Hy die eindtyd Christene red.

Diegene wat teen die toorn van Satan die duiwel beskerm sal word, sal diegene wees wat getrou volhard om Jesus Christus se opdrag aan die einde van hierdie eeu te vervul. Johannes het Christus se boodskap vir Sy mees getroue volgelinge beskryf:

> "Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie ... Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie" (Openbaring 3:8-11).

Indien ons wáre volgelinge van Christus is, indien ons Sy gebooie gehoorsaam – al tien van hulle – en bedek is met die bloed van Sy offer en gelei word deur Sy Heilige Gees, beloof Hy om vir ons te sorg, maar om onder Sy beskerming te wees, moet ons Hom nou toelaat om ons Here en Meester te wees. Ons moet Hom vertrou en ons lewens aan Hom toewy.

Let op wat die profeet Jeremia skryf: "Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk ... Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is. Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie" (Jeremia 17:5, 7-8).

Ons volle vertroue moet in ons Verlosser, Jesus Christus, wees. Hy is ons Rots, ons Beskermer en ons Verlosser. Koning Dawid, 'n man na God se hart, het dit herken en geskryf: "Ek het U hartlik lief, HERE, my sterkte. Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder; my God, my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting. Ek roep die HERE aan wat lofwaardig is, en van my vyande word ek verlos" (Psalm 18:2-4).

Hoe dankbaar behoort ons te wees dat ons 'n getroue en liefdevolle Hoëpriester het! Christus, ons Rots, is ons krag en wanneer ons hierdie

waarheid in ons eie harte en verstand vaslê sal dit deurslaggewend wees namate tye moeiliker raak in die dae en jare wat voorlê.

Opregtheid van geloof is nie genoeg nie. Ons moet ons geloof op die Skrif baseer. Satan is 'n werklikheid en hy is die groot vervalser. Hy is die oorsaak van die verwarring wat ons deesdae regdeur die moderne, hoofstroom "Christelikheid" vind en hy sal die chaos en vernietiging wat kom veroorsaak. Ware Christene kan dan egter verseker wees van beskerming onder die sorg van die Almagtige God.

**Gryp die ware Christenskap aan**

Deesdae noem toenemende getalle mense dat Christelikheid gevaarlik is. Ons moet kan onderskei tussen ware Christenskap en valse Christendom. Valse Christelikheid *is* werklik gevaarlik en sal die wêreld op die rand van vernietiging bring. Die *ware* Christenskap van Jesus Christus en die Bybel is die enigste ware hoop vir ons samelewing. Dit leer ons dat Jesus Christus sál terugkeer, Sy voete op hierdie aarde sal sit en as Koning van die konings sal regeer. Dan sal Hy die vrede en voorspoed bring wat ons so desperaat nodig het.

Alhoewel daar baie valse Christene in die samelewing rondom ons is, is dit ons plig om Christus *opreg* te volg. Ons mag dalk vervolg word omdat ons dit doen, maar Hy sal ons lei en beskerm indien ons Hom gehoorsaam en ons geloof en vertroue in Hom stel. Ons sal nie mislei word wanneer 'n magtige, valse godsdienstige leier in Europa te voorskyn kom wat homself 'n Christen noem nie – wat homself verbind met 'n bose politieke leier wat deur die Skrif "die dier" genoem word. Alhoewel hierdie komende valse leier selfs tekens en wonders sal doen, sal Jesus se ware volgelinge nie mislei word nie.

Jesus Christus beloof om Sy getroue en ywerige dienaars te help. Dawid het gesê, Hy is ons rots, ons bergvesting, ons skans en redder. Hy is ons beskerming en ons het Sy beskerming meer as ooit nodig, want valse Christelikheid *is* gevaarlik en sal selfs nog gevaarliker raak namate ons die einde van hierdie tydperk nader. Ons moet op en wakker wees om nie die prooi te word nie. Ons moet ware Christenskap met ons hele hart aanvaar in afwagting op die ware hoop vir ons samelewing – die belofte van Christus se spoedig komende duisendjarige heerskappy op aarde. Mag God daardie dag bespoedig. WvM


## Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!


*Vervolg vanaf bladsy 26* – OLIMPIESE GRUWELS

gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie" (1 Korinthiërs 6:9-10).

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie verse nie net op homoseksualiteit, "*drag queens*" of ander gedrag in die *"LGBTQIA+"* beweging fokus nie. Dit veroordeel ook sondes wat heteroseksuele net so maklik kan pleeg, soos egbreuk en hoerery, asook nie-seksuele sondes soos afgodery, hebsug, diefstal en dronkenskap.

Die boek Openbaring gee baie besonderhede oor die toorn van die Almagtige God, wat eendag oor die mensdom uitgestort sal word (Openbaring 6:16; 11:18; 14:10, 19; 15:1). Tot dan moet opregte Christene "sug en steun oor al die gruwels wat daarin gedoen word" (Eségiël 9:4), terwyl hulle daarna streef om een van die Bybel se sentrale boodskappe oor te dra: Distansieer uself van goddeloosheid en draai na geregtigheid. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

heerlikheid van God" (Romeine 3:23) en dat "die loon van die sonde is die dood" (Romeine 6:23; sien ook Eségiël 18:4, 20).

Dit maak nie saak waaroor ons mag spekuleer nie, hierdie *eenvoudige* verse stel perke oor wat waar *moet* wees: Henog en Elía is nou dood en wag op hulle beloning. Hulle is *nie* in die hemel nie. Indien ons anders beweer, sou wees om met Jesus Christus se eie woorde te verskil. Ons het gesien dat hierdie eenvoudige verse van die Bybel verduidelikheid en bydra by dié woorde wat ons andersins verkeerd mag vertolk en verkeerd verstaan. Vir dieper insig in God se plan vir die mensdom ná die dood, kan u gratis eksemplare van *Wat gebeur wanneer u sterf?* en *Wat is die doel van die lewe*? Aanvra of besoek *wvm.co.za* om dit aanlyn te lees. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Strottehoof [stemkas, larinks], taal en Logos*

evolusionêre teorie, lees asseblief ons insiggewende boekie *Evolution and Creation: What Both Sides Miss.* U kan dit aanlyn lees by *Tomorrows-World.org* of u eie gratis Engelse gedrukte eksemplaar bestel.

**Die wyse waarop ons woorde gebruik**

Om die fisiese kapasiteit vir spraak te hê, waarborg natuurlik nie ons vermoë om dit te gebruik nie. Wetenskaplikes en ander navorsers, het van tyd tot tyd kinders teëgekom wat gedurende hulle vroeë lewensjare ontneem is van die menslike kontak wat hulle sou leer om taal te gebruik. In die 1970's het die saak van Genie Wiley internasionale aandag geniet nadat sy op 13-jarige ouderdom uit 'n huis gered is waarin sy byna vir twaalf jaar lank alleen in 'n kamer toegesluit was. Toetse wat gedoen is het egter gevind het dat Genie redelik vaardig is in nie-verbale kommunikasie en ruimtelike herkenning, alhoewel die isolasie haar verhinder om taalvaardighede te ontwikkel. Onderwysers en navorsers het daarin geslaag om haar woordeskat uit te brei, maar grammatika – die manier waarop ons woorde verbind om komplekse gedagtes uit te druk – het haar ontwyk.

Ten spyte van baie misleidende mediadekking, vind ons dieselfde in wetenskaplike studies van ouer sowel as jong ape, wat geleer word om gebaretaal te gebruik – hulle mag dalk 'n woordeskat van gebare hê maar grammatika is bo hulle vermoëns. Menslike taal is veel meer as om selfstandige naamwoorde te gebruik om dinge te beskryf asook werkwoorde om handelinge te beskryf; dit sluit byvoeglike naamwoorde en bywoorde in om daardie selfstandige naamwoorde en werkwoorde te beskryf en dit gee ons 'n begrip van verlede en die toekomstige tyd. 'n Tornyn [tipe dolfyn] of 'n voël kan klanke gebruik om "ek is hier" of "ek is honger" aan ander diere van dieselfde soort te kommunikeer, maar dit kan nie sê: "Ek was gister [verlede tyd] honger, maar sal nie môre [toekomstige tyd] honger wees nie".

Die menslike wesens is uniek, wat die filosoof Alfred Korzybski "tydgebonde" wesens genoem het. Hy het plante "chemiesgebonde" genoem deurdat dit chemikalieë verwerk om te oorleef en te floreer. Diere is chemiesgebonde sowel as "gebiedsgebonde", aangesien hulle – anders as stilstaande plante – binne hulle gebiede rondbeweeg om te oorleef. Slegs mense word "tydgebonde" genoem volgens Korzybski. Ons kan nie slegs met jonger mense praat om ons kennis oor te dra nie, ons kan ook oor die verlede en die toekoms praat. Deesdae se coyotes [tipe wilde hond] – wat verdring is deur ontwikkelaars wat nuwe woongebiede bou – kan nie hulle ervaring direk deel met coyotes wat oor honderd jaar van nou af sal leef nie. Die mens het egter die vermoë om sy verlede te verstaan en die lesse daarvan tans toe te pas en daaroor te praat en te skryf tot voordeel van toekomstige geslagte. Sonder woorde en sonder die grammatika wat ons gebruik om woorde saam te voeg, sou kommunikasie onmoontlik wees. Menslike ontwikkelings van wyd uiteenlopende kulture en lewenswyses oor tydperke en

*Vervolg op bladsy 25*

# Die stoeigeveg wat die geskiedenis verander het

**Een man se antieke vasberadenheid weerklink steeds regdeur die hedendaagse samelewing.**

Deur J. Davy Crockett III

Stoei is 'n fassinerende sport wat fisiese krag, vaardigheid en deursettingsvermoë behels. Stoeiers streef daarna om hulle teenstanders vas te "pen". Professionele stoeigevegte geniet al geslagte lank gewildheid en dit het meer as 'n miljard dollar se inkomste in 2023 gegenereer. Hierdie vorm van stoei word egter eerder beskou as vermaak in plaas van 'n sportsoort, maar stoei op kollege-vlak is 'n wettige sport waaroor die NCAA toesig hou; 395 kolleges regoor die Verenigde State neem daaraan deel en dit is 'n gewilde soort sport by die Olimpiese Spele.

Terwyl die vertoning van vaardigheid by die sportsoort die aandag van miljoene toeskouers trek, is die meeste mense onbewus van 'n stoeikompetisie wat lank gelede in antieke Edom plaasgevind het. Jakob, die seun van Isak en kleinseun van Abraham, het as 'n ryk man met familie, kleinvee en beeste na sy vaderland teruggekeer nadat hy vir 20 jaar by sy skoonvader, Laban, gebly het. Op hierdie reis het hy verwag om sy broer Esau te ontmoet, van wie hy vervreemd was as gevolg van 'n geskil met betrekking tot sy eersgeboortereg, wat Esau geglo het Jakob van hom gesteel het (Génesis 25:29-34).

In reaksie hierop het Jakob 'n plan in werking gestel om versoening te bewerkstellig tussen hom en sy broer om sodoende sy gesin te beskerm (Génesis 32:3-23; 33:1-2). Nadat Jakob sy gesin en diensknegte weggestuur het, het sy storie 'n baie interessante wending geneem:

> "Maar Jakob het alleen agtergebly, en 'n Man het met hom geworstel tot dagbreek. En toe Hy sien dat Hy hom nie kon oorwin nie, slaan Hy hom op sy heupbeen, sodat die heupbeen van Jakob uit lit geraak het in die worsteling met Hom. Toe sê Hy: Laat My gaan, want die dag het gebreek. Maar hy antwoord: Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën. En Hy vra hom: Hoe is jou naam? En hy antwoord: Jakob. Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin. Daarop vra Jakob en sê: Maak tog u Naam bekend! En Hy antwoord: Waarom vra jy tog na my Naam? En Hy het hom daar geseën. Toe noem Jakob die plek Pniël; want, *het hy gesê*, ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered" (verse 24-30).

Van hierdie oomblik af kom die naam van Israel opvallend in die Skrif voor. God het met Jakob/Israel gewerk en die nageslag van sy twaalf seuns het die volk Israel geword. Hulle is deur God gekies om 'n voorbeeld van Sy lewenswyse vir die wêreld te wees.

**Beloftes wat deesdae van toepassing is**

Waarom sou God met Jakob "stoei"? Hy verduidelik: "Ek, die HERE, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handelinge" (Jeremia 17:10). Waarom? "... want die HERE tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos 'n vader die seun in wie Hy behae het" (Spreuke 3:12). Jakob het fisiese beproewings en toetse verduur. Op hierdie kwesbare oomblik in sy lewe, vind daar toe 'n worsteling met God plaas. Dit het simbolies sy volhardende karakter geopenbaar, wat God sou gebruik in die uitvoering van Sy plan vir die mensdom.

Dit alles was deel van God se belofte aan die regverdige Abraham: "En Ek sal jou 'n groot nasie

*Vervolg op bladsy 13*

# Vrae & Antwoorde

## Is Henog en Elía in die hemel?

**Vraag:** Génesis 5:24 sê dat "En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem" en 2 Konings 2:11 sê: "Elía het in die storm na die hemel opgevaar." Wat presies met hierdie twee mense gebeur het, is nie duidelik nie. Het hulle ooit gesterf? Is hulle nou in die hemel by God?

**Antwoord:** Die uitdaging van hierdie verse is gedeeltelik dat die taal dubbelsinnig is. Die frases "hy was nie" en "God het hom weggeneem" het baie mense mislei om verkeerdelik te glo dat Henog van planeet Aarde verwyder is en in die hemel opgeneem is. Daarbenewens meld die gedeelte nie sy dood nie en die apostel Paulus skryf dat God "Henog weggeneem [het] om die dood nie te sien nie" (Hebreërs 11:5). Die verhaal van Henog vertel egter nêrens wáárheen hy geneem is nie en daar word nêrens genoem dat hy nie gesterf het nie.

Wat Elía betref, behoort ons te onthou dat die Bybel melding maak van *drie* hemele: Die lug bokant ons waar voëls vlieg en die wolke beweeg; die ruimte bó dit wat ons as die buitenste ruimte ken; en laastens, wat Paulus "die derde hemel" noem – die geestelike dimensie waarin God woon (2 Korinthiërs 12:2). Wanneer die Bybel ookal "hemel" noem, moet ons hierdie *drie verskillende hemele* in gedagte hou en die konteks toelaat om te openbaar watter een van die drie hemele van toepassing is. Wanneer 2 Konings 2:11 dus sê dat "Elía het in die storm na die hemel opgevaar" het, is die ligging van sy strydwa-rit nie onmiddellik duidelik nie.

Dit bring ons weer terug by die hoofvraag: Is Henog en Elía in die hemel? Dit wil sê, woon Henog en Elía nou in die *derde* hemel in die teenwoordigheid van God en Sy engele?

Die besonderhede van wat met Henog en Elía gebeur het *na* hulle verdwyning is 'n wyer onderwerp as wat ons in hierdie kort ruimte van die artikel kan dek, maar die vraag oor hulle dood is eintlik baie eenvoudig en die antwoord behels 'n fundamentele beginsel wat noodsaaklik is vir enigiemand wat probeer om die Bybel te verstaan: Maak gebruik van eenvoudige skrifte om te help om skrifture te verduidelik wat dubbelsinnig lyk.

**Die weg van alle vlees**

Die verhale van Henog en Elía het sekerlik onduidelikhede wat ons moet oplos. Daar is nogtans baie ander eenvoudige gedeeltes wat baie *makliker* is om te verstaan – gedeeltes wat by ons geen twyfel laat oor of Henog en Elía in die derde hemel lewe of nie.

Een so 'n gedeelte is deur niemand anders as die Seun van God self gespreek nie. Jesus Christus is baie duidelik en sê: "En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik* die Seun van die mens wat in die hemel is" (Johannes 3:13).

Daar het ons dit, uit Jesus se eie mond: *Niemand* het opgevaar in die derde hemel nie, behalwe Jesus Christus, die Seun van die mens en die Seun van God. Hy is die *enigste* mens wat die hemel sowel as die aarde deurkruis het. Hy het nie gesê: "*Niemand* behalwe twee nie" of "niemand behalwe Henog en Elía nie" – Hy het gesê, *niemand*. Dit laat geen ruimte vir hierdie twee Ou-Testamentiese figure nie.

Ons kan trouens verder gaan. Ons lees van Henog in Hebreërs 11 – dikwels genoem die "geloofshelde" hoofstuk. In vers 13 van daardie einste hoofstuk word *duidelik* aan ons vertel wat met *al* hierdie geloofshelde gebeur het: "In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry".

"Hulle almal" sou Henog insluit, wat net agt verse vroeër genoem is. *Natuurlik* het Henog en Elía gesterf. Die Skrif maak dit *duidelik* "almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die

*Vervolg op bladsy 21*

# Brûe na nêrens

## Deur Ryan Dawson

**Lei die wrok wat u koester u op 'n pad na vernietiging?**

Waarom sou mense 'n brug bou wat na nêrens lei? Hulle besef dalk nie waarheen hulle op pad is nie óf hulle is net nie die skerpste potlood in die pakkie nie. Ongelukkig het die meeste van ons dit egter op een of ander tyd onwetend gedoen – baie moeite bestee aan iets wat ons nooit na 'n beter bestemming sal neem nie.

Hoe het ons dit gedoen? Die kans is groot dat die meeste van ons al voorheen 'n *wrok* gekoester het – wat in wese brûe na nêrens is.

Die menslike natuur kan daartoe lei dat ons nogal skynheilig is op die wyse hoe ons seergemaakte gevoelens aanspreek. Ons kan dalk erken dat wanneer ander mense *wrokke* koester, hulle wegdwaal van die genesingsproses. Wanneer ons egter self 'n geskil het om op te los, hou ons vas aan *ons* wrok. Ons mislei onsself om te dink dat vir ons, die resultate op een of ander manier anders sal wees.

Wrokke is verskriklike aandete gaste; hulle het 'n eindelose eetlus, maar die enigste ding wat hulle verorber is die een wat hulle vir ete genooi het. Die lys van gesondheidsrisiko's verbonde aan die koestering van 'n wrok is lank en kommerwekkend. Dit kan enige of al die komplikasies insluit wat lei tot depressie, soos chroniese moegheid, angs en 'n verswakte immuunstelsel. Boonop kan die voortdurende koestering van 'n wrok selfs lei tot 'n verhoogde risiko vir kardiovaskulêre siektes, aangesien die konstante spanning en negatiewe emosies hulle tol eis op ons harte en algehele welstand. Terwyl ons *intellektueel* die duidelike newe-effekte van ons wrok kan verstaan, kan ons dit in *die praktyk* nog steeds moeilik vind om ou wonde te laat genees.

Waarom klou ons so styf vas aan gevoelens wat ons wéét ons net seermaak? Dalk doen ons dit omdat dit *ons* pyn is – daardie gevoelens behoort aan óns en om dit te laat gaan beteken om te besef dat ons verkeerd was om dit te vertroetel. Dit kan moeilik wees om te erken dat ons dalk verkeerd was of dat dit ten minste dalk beter sou wees dat ons liewer verontreg was en ons vrede kon hê deur te vergewe in plaas daarvan dat ons aanhou om verontreg te voel of wraak te soek.

**Die koste van ons brûe**

Soms kan gekrenkte gevoelens verstaanbaar wees – maar selfs dan is dit in stryd met twee basiese Christelike beginsels: "Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag" (Deuteronómium 6:5) en "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matthéüs 22:39).

Wanneer ons versuim om hierdie beginsels te handhaaf, nader ons tot God en bid: "Ek het regtig hierdie keer verbrou – U beter my regtig hierdie keer 'n les leer"? of vra ons Hom dan om ons genadig te wees? Indien ons God met ons hele hart liefhet, dan sal ons hart Sy hart weerspieël, wat gevul is met vergifnis en geduld. Indien ons ons naaste liefhet soos onsself, sal ons dieselfde mate van genade aan hulle bewys as wat ons van God verlang. Indien ons nie werklik uit ons harte vergewe nie, sal God ook nie ons skulde vergewe nie (Matthéüs 18:21-35).

Daar is 'n proses wat opmeting genoem word wanneer 'n brug gebou word. Landmeters gaan na 'n potensiële konstruksieterrein om vas te stel hoe om die beste pad uit te lê en om te besluit watter roete die brug moet volg om by die verlangde bestemming uit te kom. Die landmeter se werk skakel enige roetes uit wat gevaarlike oorgange op die terrein tot gevolg kan hê. Ons kan dit in ons eie lewens toepas op daardie tye wanneer iemand se gedrag ons ontstel. God sê vir ons dat diegene wat Hom wil sien, eers vrede met alle mense moet nastreef – indien ons dit nie doen nie, kan ons die ewigheid verloor (Hebreërs 12:14-17).

Bereken ons wat die koste is om 'n wrok te koester? Elkeen van ons moet onsself afvra: "Watter roete sal my na

God se Koninkryk lei?" 'n Verandering van koers mag veroorsaak dat ons 'n brug na nêrens laat bou, veral wanneer ons 'n berg van 'n molshoop maak.

Indien u meer wil leer besoek *TomorrowsWorld.org* om na die uitsending "*What Is the Greatest Love?*" te kyk? Terwyl u daar is, kan u ook nuttige, verwante artikels lees soos "*Overcoming Stress*" en "*Are You Willing to Change?*" WvM



# Die Midde-Ooste in Profesie

***Jerusalem is die belangrikste stad in die wêreld. Die Skrif toon aan dat die area rondom dit – die Midde-Ooste – uiteindelik in 'n wêreldoorlog sal ontplof. Weet u wat die Bybel leer omtrent die eindtydse klimaks van wêreldgebeure in daardie area? U mag verras wees!***

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**



***Vervolg vanaf bladsy 21 – Strottehoof [stemkas, larinks], taal en Logos***

regoor die wêreld getuig van die kragtigheid van die menslike taal.

Daar is selfs nog meer. Ons weet uit die Woord van God dat die verskil tussen ape en mense méér as fisies is – meer as net die sowat 2 persent van DNA wat ons van mekaar skei. Die Skrif sê vir ons dat daar 'n "Gees in die mens" is (Job 32:8). Hierdie gees onderskei ons van alle ander lewende wesens en stel ons in staat om *God se Gees* te ontvang (Romeine 8:16).

### Die Woord wat vlees geword het

Voordat Jesus Christus op die aarde gebore is as die Seun van God, was daardie Goddelike Wese bekend as die *Logos* – Grieks vir *Woord* of *Woordvoerder*. Hy is die God met wie die Israeliete regdeur die Ou Testament in wisselwerking was en Hy het later as die Woordvoerder vir Sy Vader gekom om daardie Vader aan die mensdom te openbaar. "IN die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God" (Johannes 1:1).

God het die Heilige Gees aan die eerste Christene tydens Pinkster in 31 n.C. gegee en Hy het dit toe gebruik om vir hulle woorde te gee wat deur hulle toehoorders *verstaan* is. Die skare mense, van wie sommige slegs weke tevore uitgeroep het om Christus te kruisig, het die Woord van God in hulle eie tale gehoor (Handelinge 2:6-11). Die wonder van Pinkster was nie die vermoë om 'n gebrabbel te interpreteer nie – dit was 'n wonderwerk om te hoor en te verstaan, wat baie mense tot bekering en doop gelei het (verse 41-42).

Ongelukkig kan menslike spraak ook mense van God af wegstoot. Diere kan probeer om mekaar te mislei deur geluide te maak, maar net mense kan woorde gebruik om leuens te vertel. Menslike taal kan en word dikwels gebruik om verdeeldheid te saai. Laat elkeen van ons as getroue Christene, nie ag slaan op die woorde van die mensdom wat verdeeldheid veroorsaak nie, maar eerder ag slaan op die Woorde van Jesus Christus: "Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag" (Johannes 12:48). WvM

# OLIMPIESE GRUWELS

## Wat dink God van sulke “vryhede”?

## Deur Josh Lyons

Die openingseremonie van die Olimpiese Spele van 2024 in Parys is wyd gekritiseer deur baie mense wat steeds hou by hoë standaarde van waardigheid, ordentlikheid, beskeidenheid en ander Bybelse waardes. Hier is hoe een resensie dit beskryf het:

> Parys het nie net die grense van ordentlikheid oorskry nie. Dit het heeltemal daarmee weggedoen en op die boodskap aangedring dat vryheid géén perke moet ken nie. 'n Feitlik naakte sanger wat blou geverf is, het met skaars bedekte verwysings na sy liggaamsdele verwys. 'n Blondebaard *drag queen* Piche het hande-viervoet gekruip op die bonsende maat van “*Freed from Desire*” deur die sanger-liedjieskrywer Gala, wat lank 'n kragtige stem teen homofobie was. Daar was die begin van 'n *menage à trois* ('n seksuele deelname tussen drie mense) ... en die laaste gedeelte van 'n intieme omhelsing tussen twee mans wat weg gedans het, omhels en hande vasgehou het (*AP News*, 29 Julie 2024).

Daardie kort opsomming dek nie ander besonderhede nie, soos die vele ander *drag queens* wat ten toon gestel is, die groteske uitbeelding van Marie Antoinette wat sing terwyl sy haar eie afgekapte kop vashou en die vertonings wat gelewer is deur Celine Dion en Lady Gaga, wat as “koninklike ikone” voorgehou word. Let op hoe die resensent die seremonie se viering van “vryheid” bewonder – om 'n kosbare Westerse waarde te verdraai in 'n verwerping van jarelange Bybelse waardes van reinheid, kuisheid, onskuld, selfbeheersing, familie, huwelik, beskeidenheid en ordentlikheid.

Terloops, die belangrikste gebeurtenis wat gevier is, was die Olimpiese Spele. Nie waar nie? Was dit dan nie moontlik om seksuele perversie uit te laat en net op die *atlete* en die *sport* te fokus nie?

**'n God wat sonde uitsluit**

Die direkteur van die seremonie, 'n self-erkende homoseksuele man, het sommige van sy doelwitte beskryf: “Die idee was eerder om 'n groot heidense fees te hê wat aan die gode van Olympus verbind word”, het hy gesê. “Die meeste van alles is dat ek graag 'n boodskap van liefde wou stuur, 'n boodskap van aanvaarding en glad nie van verdeling nie”.

Die seremonie van die Parys se Olimpiese Spele – bied 'n gruwelike voorbeeld van hoe maklik die Westerse samelewing deesdae waardes voorhou wat hulle liefde, aanvaarding, diversiteit, verdraagsaamheid en vryheid noem. Hulle oorkoepelende gedagtes kan opgesom word as: “Elkeen kan doen wat hy ook al wil. Die enigste grens is dat géén grense gestel moet word nie”. Hierdie houding is niks nuuts nie – om die waarheid te sê, dit was redelik algemeen deur die geskiedenis heen. Antieke Israel is byvoorbeeld op 'n stadium gekenmerk deur hierdie stelling: “... elkeen het gedoen wat reg was in sy oë” (Rigters 21:25) – in teenstelling met wat reg is in God se oë. God onderskei reg van verkeerd, spesifiek deur grense te stel wat die Bybel in groot besonderhede beskryf, soos ons dit dikwels in hierdie tydskrif verduidelik (sien die artikel *“The War Against Normal”* in ons *Tomorrow's World* Januarie 2023 uitgawe).

Wat sonde betref, is die ware God 'n God van *uitsluiting*. Die Bybel maak dit herhaaldelik duidelik dat God in Sy ewige Koninkryk, elke vorm van sonde kategories sal uitsluit, waarvan baie vorms daarvan tydens Parys se openingseremonie gevier is. God sal nie net sondige gedrag uit Sy Koninkryk *uitsluit* nie – Hy sal mense uitsluit wat nie bereid is om hulleself te bekeer van sulke gedrag nie: “Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of

*Vervolg op bladsy 20*

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

(Johannes 4:34).

Hoe langer 'n mens iemand ken, hoe meer besef mens dat Jesus Christus die enigste volmaakte mens was wat ooit op hierdie aarde gewandel het. Iemand met hierdie wete het eenkeer vir mnr. Ames gevra hoe hy vir sy swaer kan werk. Hy sou immers dr. Meredith se menslike swakhede van naderby gesien het. Sy antwoord was ondubbelsinnig: "Ek vrees God". Mnr. Ames het werklik verstaan dat Jesus Christus die ware hoof van die Kerk is en dat terwyl as wat die menslike leier Christus volg – soos dit duidelik in die Bybel geopenbaar word – dit 'n ernstige fout sou wees om teen hom in opstand te kom, hoe onvolmaak hy ook al mag wees. Ek is seker dit is waarom hy my grootste ondersteuner was toe ek aangestel is om dr. Meredith se opvolger te wees, al was ek amper 'n dekade jonger as hy.

Vir baie jare was mnr. Ames waarlik ons ouer staatsman en altyd die volwassene in die groep. Een van ons Kanadese leraars het dit só gestel: Wanneer mnr. Ames gepraat het, het almal geluister. Mnr. Stuart Wachowicz, Evangelis en streekdirekteur van Kanada vir *Tomorrow's World* en die *Lewende Kerk van God*, het die volgende geskryf oor die persoon wat hy leer ken het:

> Mnr. Richard Ames sal onthou word vir sy vele bydraes tot die Werk van God gedurende hierdie era. Sy totale fokus was om die Werk te doen, wat altyd 'n inspirasie en aanmoediging vir ons almal was om verder as ons eie begeertes te kyk en ons energie toe te spits op die roeping wat so waardevol vir hom was. Vir my en my vrou sal mnr. Ames die beste onthou word vir sy vermaning om aanspraak te maak op God se beloftes en daarom totale vertroue in ons Vader en Christus te plaas. Ons sal altyd die herinnering koester aan mnr. en mev. Ames se besoek aan Alberta 'n hele aantal jare gelede, waartydens hy *Tomorrow's World*-aanbiedings in Red Deer en Calgary gedoen het. Hulle opregte besorgdheid oor die lidmate het 'n baie diep en blywende indruk gemaak. Dieselfde indruk is gedeel deur lede regoor die land. Dit sal wonderlik wees om hom weer in 'n verheerlikte liggaam in die komende Koninkryk van God te sien.

Mnr. Ames het profesieë vir miljoene mense verstaanbaar gemaak vir miljoene mense en drie van sy boekies was gefokus op die onderwerp: *Verstaan Bybelse Profesie, Armagéddon en daarna sowel as Die Midde-Ooste in Profesie*. Sy fokus was egter nie nét om toekomstige gebeure te verstaan nie, maar om baie mense tot geregtigheid te bring. Let op hierdie vermaning uit sy artikel *Hoe om Armagéddon vry te spring* in die Julie-Augustus 2025 *Wêreld van More-tydskrif* – die laaste uitgawe wat voor sy dood op 4 Julie gepubliseer is:

> Dalk het u nie gebid nie; dit is nou die tyd om op u knieë te gaan en na God uit te roep vir 'n verandering in u lewe. Die Skrif sê aan ons hoe om nader aan God te kom. "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy


# Die Bybel: Feit of fiksie?

***Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

Onthou asseblief om in te skakel op **Tomorrow's World** TV-program op Sondag-oggende op DStv:
e.tv HD (**kanaal 194**) van 06:30 tot 07:00 a.m.
FAITH (**kanaal 341**) van 09:00 tot 09:30 a.m.
Cape Town TV (**kanaal 263**) van 11:30 a.m. tot 12:00 p.m.

---

vergeef menigvuldiglik" (Jesaja 55:6-7). God beloof om u te seën en u te vergewe *indien* u Hom met u hele hart soek.

As onderwyser en bemoediger het mnr. Ames altyd na die beste in ander mense gesoek. Daar was tye wat hy reguit gepraat het. Hy kon blaf, maar hy het nie gebyt nie. Insien hy 'n manier gesien het waarop u in u lewe kon verbeter, sou hy dit onder u aandag bring. Hy was opreg gemotiveer deur liefde en 'n begeerte om u te help om te verbeter, terwyl hy ook daarna gestreef het om sélf aan die hoogste standaard te voldoen.

Richard Ames was 'n medewerker in Christus, 'n ware vriend en 'n inspirasie. Ons sien uit daarna om hom weer te sien by die opstanding in die Koninkryk van God.



# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**